Predikante Pensioenfonds
Amptenare Pensioenfonds

15 Augustus 2023

Omsendskrywe 7 van 2023

Aan: Alle Deelnemende Werkgewers en lede van die Predikante en Amptenare Pensioenfonds

Geagte Werkgewers en Lede

BELEGGINGSPORTEFEULJES EN OPBRENGSTE

Tydens die Bestuurskomiteevergadering van 21 Julie 2023, is ‘n verslag voorgelê waarin die belegging van lede se fondswaardes in die onderskeie beskikbare portefeuljes aangetoon was.

Die portefeuljes waarin lede se gelde belê is, uitgedruk as ‘n persentasie van totale bates, was soos volg (die opbrengste oor die jaar tot datum asook oor ‘n twaalf maande tydperk word teenoor dit aangetoon):

Portefeulje naam	**Persentasie blootstelling van totale beleggings**	**Opbrengs vir jaar tot datum**	**Opbrengs oor 12 maande**
Allan Gray Global Balanced Fund	0,24%	8,1%	16%
Camissa Balanced Fund	0,29%	10,1%	14,1%
SUPE Coronation Houseview	0,02%	11,4%	15,8%
Sanlam Coronation Houseview	0,78%	11,4%	15,8%
Foord Balanced Fund	0,23%	11,3%	16,2%
Glacier	1,63%	Beskikbaar vir individuele belegger	Beskikbaar vir individuele belegger
M&G Balanced Fund	0,07%	8,8%	14,3%
Ninety One Balanced Fund	0,24%	6%	10,6%
Passive Lifestage Accumulation	0,18%	11,4%	14,8%
PSG Balanced Fund	0,07%	9,4%	21,7%
Blue Lifestage Accumulation	0,31%	8,6%	13,2%
Sanlam Capital Protection	33,88%	6,0%	8,7%
Stable Bonus Fund	0,85%	6,0%	8,7%

Sussexlaan 439, Lynnwood, 0081
Posbus 36430, Menlopark, 0102
E-pos: theo@pensioene.co.za
Tel: 012 342 0415
Pensioenfondsbestuurder: Mnr TP Smith

Exit Product	0,70%	Bankkoerse – lede afwagtend op geld by bedanking en aftrede	Bankkoerse – lede afwagtend op geld by bedanking en aftrede
Sanlam Wealth Creation Lifestage Portfolio	59,34%	11,2%	14,6%
Satrix Enhanced Balanced Tracker Fund	0,06%	11,4%	14,8%
SIM Balanced Fund	0,07%	8,5%	12,8%
SIM Moderate Absolute Portfolio	0,08%	8,1%	11,4%
SIM Moderate Absolute Fund	0,09%	6,9%	10,4%
SMM Moderate Moderate Absolute Fund	0,09%	8,1%	11,4%
SMM Select Balanced Fund	0,10%	9,3%	14,7%
Accumulation Portfolio	0,03%	11,0%	14,7%
Truffle Balanced Fund	0,42%	4,7%	9,9%
Volatile Protection Strategy	0,11%	7,3%	10,0%

Kommentaar

1. Die gedeeltes wat in ligblou gekleur is en wat ook die grootste persentasie blootstelling van lede se fondswaardes bevat, reflekteer die sogenaamde verstek portefeulje wat ook die lewenssiklusstrategie genoem word. Hierdie is die portefeulje waarin lede belê en bly tot en met aftrede indien hulle nie self hul eie portefeulje wil kies nie. 'n Paar jaar voor aftrede word lede se geld stelselmatig afgebou van die *Sanlam Wealth Creation Portfolio* (dit was eers die *Accumulation Portfolio*) na die *Sanlam Capital Protection Portfolio*. In beginsel werk hierdie strategie om lede blootstelling aan groeibates tydens hul loopbane te bied, terwyl hul stelselmatige beskerming geniet in die laaste vyf jaar voor aftrede.
2. Die blootstelling van lede se fondswaardes aan ander portefeuljes (anders as die verstekportefeulje) sou mens kon toeskryf aan lede wat dit spesifiek gekies het. Met baie van die portefeuljes is dit beslis die geval: *Allan Gray Global Balanced Fund, Camissa, Coronation, Foord, Glacier, Stable Bonus Fund, Ninety One, Satrix, PSG* en *Truffle*. Die Bestuurskomitee is egter effe besorgd dat portefeuljes soos *Passive Lifestage Accumulation* en *Blue Lifestage Accumulation* byvoorbeeld, verkeerdelik gekies was. Daar is niks fout met hierdie portefeuljes nie en dit mag wees dat lede dit wel gekies het maar dit kan ook wees dat lede met eerste toetrede tot die Fonds, die portefeuljes gekies het omdat die naam "accumulation" verwarring met byvoorbeeld die voormalige *Sanlam Lifestage Accumulation Portfolio* kon veroorsaak het.

Lede wat onseker is, kan gerus na hul voordeelstate kyk (wat beskikbaar is op Sanlam se Retirementfundweb indien hulle geregistreer is) en seker maak dat die portefeulje wat daar verskyn, hul besluit korrek reflekteer. Indien u enige ander portefeulje-naam sien behalwe *Sanlam Wealth Creation* en/of *Capital Protection Portfolio*, is u nie in die verstekportefeulje nie en sal u in daardie portefeulje bly tot en met aftrede. U kan gerus vir my kontak vir enige hulp.

Baie groete

TP Smith

TP SMITH: PENSIOENFONDSBESTUURDER